

PROJEK 3

HOE OM 'N BARS IN DIE MUUR TE HERSTEL

JY BENODIG

Polycell Crackfiller, muurverf, skrapeer, skuurpapier, skoppie en borsel, draadborsel en verfkwas

STAP 1


Gebruik 'n draadborsel om die afgeskilferde verf om die bars los te kry. Borsel die bars daarna skoon met 'n borsel (of 'n droë kwas) en hou 'n skoppie byderhand om die stof op te vang.



Orgidee, R340, geel kershousers, R49 elk, rooi glasvaas R289, alles @home. Sony LCD-TV R13 999, Game.

STAP 2

Vat 'n skoon paletmes of skrapeer en smeer 'n bietjie Polycell Crackfiller (dit is reeds gemeng) oor die bars. Beweeg met effense druk stadig oor die bars en smeer dit in die bars in. Vul dit sodat die pasta effens bo die bars uitstaan. Vee die oortollige vulstof met die paletmes of skrapeer af.



STAP 3

Laat die vulstof kurkdroog word en skuur dit gelyk met fyn skuurpapier. Stof dit af en verf 'n grondlaag oor die kraak. Laat dit droog word en verf die hele muur sodat die kleur egalig is.